



Prosedure vir die voltooiing van Brandpermitvorm

WAAROM BRANDPERMITTE VOLTOOI MOET WORD:

- Dit is makliker om brande in die area te koördineer.
- Opvolg kan gedoen word om te verseker dat vure geblus is.
- Bure weet dat daar gebrand gaan word.
- Dit stel die standaard wanneer daar gebrand mag word of nie.
- Skakel onnodige navrae uit indien rook opgemerk word.
- Voorkom dat kansvatters op dae en tye brand wat nie geskik is nie.
- Verseker dat persone met die minimum toerusting / personeel brand.
- U tree dan op soos 'n redelike persoon sou optree binne die raamwerk van die Wet.
- Om skade en lewensverlies te verminder.

VOLTOOIING VAN VORM:

- Par 1 u persoonlike besonderhede – laat weet BBV per telefoon/radio wanneer u begin en klaar gebrand het.
- Par 2 meld asb wie u koördineerder is.
- Par 3 meld wat u van plan is om te brand.
- Par 4 voltooi slegs dit wat op u personeel/toerusting van toepassing is.
- Par 5 kry persone wat op bystand sal wees ten tye van u brandaksie.
- Par 6 volgens Wet moet u bure ten minste 14 dae kennis kry van u voorneme om te brand.
- Par 7 sal deur BBV voltooi word. Maak seker u weet wat die Brand Gevaar Indeks is..
- Voorwaardes op permit stem ooreen met die reëls van die BBV.

Die permit is onderhewig aan goedkeuring op dag van brand deur die uitreikingsamptenaar met inagneming van die BGI (Brand Gevaar Indeks)

NA VOLTOOIING:

- Stuur die voltooide vorm of inligting aan die BBV of per hand of per e-pos.
- Skakel die BBV om seker te maak dat die BBV die permit ontvang het.
- 'n Permitnommer word deur die BBV voorsien dit beteken egter nie dat indien vorm voltooi is dat die aansoek goedgekeur is nie.
- 'n Nuwe permit moet vir elke brandaksie ingedien word wat nie verband hou met eerste aansoek nie. Met die toestemming soos in punt 7 op die permit.
- Onthou om BBV inkennis te stel sodra u begin en of klaar gebrand het sodat tye aangeteken kan word.

Kontak besonderhede: Sel no : 084 952 2882 of Epos : info@apieslbbv.co.za